UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

# KAMPUS nuus




## Breaking academic records

## DERICA LAMBRECHTS
### Oor bendes en politiek

Prof Louw Hoffman oor sy vleisnavorsing | Stellenbosch se verkeerkrisis | Chamber Music Festival celebrates 10 years | Maak gereed vir die Pretstap/draf

JAAR 21#03 APRIL 2013 YEAR 21#03 APRIL 2013
US Personeelblad SU Staff Magazine

# contents inhoud


My kampus: Sr Elize Archer "speel pop" ....3
US gasheer vir internasionale vennote ....4
Wiskundige se foto haal wêreldprys se kortlys ....5
Mediese laboratorium betaal dividende ....6
Standard Bank-sentrum kry miljoene ....7
Stellenbosch se verkeerskrisis ....8
Prof Louw Hoffman oor sy vleisnavorsing ....10
Most doctorates for SU in 2012 ....11
Chamber Music Festival celebrates 10 years ....12
Kampuslewe: Eet, kyk en kuier ....13
Maak gereed vir die Welwees Pretstap/draf ....14
In gesprek met Derica Lambrechts ....15
Brokkies in Beeld ....16













## VAN DIE Redakteur

Blaai gerus deur die programboek van die afgelope Maart-gradeplegtigheid en jy sal gou besef watter interessante navorsing aan die US gedoen word – van studies oor muise en luise tot bendes en antieke kulture.

Vir die akademiese jaar 2012 is juis 'n rekordgetal doktorsgrade aan die Universiteit toegeken – 240 in totaal. En dan was daar ook die Fakulteit Natuurwetenskappe en die Afrika-sentrum vir MIV en Vigsbestuur wat 'n rekordgetal nagraadse studente opgelewer het. Lees op bladsy 11 oor dié hoogtepunte in die US se geskiedenis.

Op ons voorblad is Derica Lambrechts, 'n dosent in die Departement Politieke Wetenskap wat in Maart haar doktorsgraad ontvang het. Op bladsy 15 vertel sy meer oor haar navorsing oor bendebedrywighede op die Kaapse Vlakte.

As jy buite Stellenbosch woon en elke dag in die druk verkeer die dorp binnekom, lees op bladsy 8 meer oor 'n studie oor die verkeersituasie hier. Die statistiek is verstommend.

Nog 'n interessante projek word deur die WAT aangepak. Hulle is op soek na frases en woorde wat in "Afrikaaps" gebruik word. Lees meer oor dié projek op bladsy 9.

On 11 April, it is time for the annual Wellness Fun Walk/Run again. On page 14 three of last year's runners give some advice and tell us why they love running. Take their advice and participate in this year's event.

This year also sees the 10th annual Stellenbosch International Chamber Music Festival, which will be held in July. The festival has become one of the biggest classical music events on the African continent, with world-class musicians performing in the Endler Hall. On page 12 we tell you some of the highlights of the 2013 programme.

En dan vertel *Kampusnuus* jou oor nog talle ander dinge wat dié maand op kampus gebeur. Geniet hierdie uitgawe.

Skryf aan ons by kampusnuus@sun.ac.za, of lewer kommentaar op Facebook en Twitter.

Wayne


*Redakteur:* Wayne Muller
*Voorbladfoto:* Anton Jordaan
*Bladontwerp:* SUN MeDIA
*Drukwerk:* SUN MeDIA
*Advertensies:* Conita Henry
tel: 021 808 4633, e-pos: chenry@sun.ac.za
*Redaksionele bydraes aan:* Die Redakteur,
Admin B-gebou, tel: 021 808 2927,
faks: 021 808 3800,
e-pos: kampusnuus@sun.ac.za
of wmuller@sun.ac.za


UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY

## KAMPUS Klets

Prof Florian Breuer, it is my view that you have created a surreal visual masterpiece (see page 5). With your mastery of number theory, arithmetic geometry and technical photography, you applied your creative genius into the act of this spectacular creation. Bravo Sir! – *Marco-Polo*

Daar is nie so 'n plek soos die JS Marais-reservaat nie. Oos-Kaapse spekbome behoort nie op groot skaal in die Jan Marais Park geplant te word nie en leerders wat 'n boom plant sonder om dit te versorg, kry die verkeerde boodskap. (sien bladsy 7) – *Jan Giliomee*

Baie geluk. Die Bome vir Woorde-projek (sien bladsy 7) was 'n sinvolle manier om leerders by die Woordfees, kultuur en die omgewing te betrek. – *Ydalene Coetsee*

Die nuwe mobiele webblad (sien bladsy 5) is 'n baie goeie idee, maar ek voel egter nog steeds dat studente eerder 'n "app" vir slimfone moet kry. Ons kan onsself nie 'n topgehalte wêreldinstansie noem as ons nie eens die vermoë het om ons eie "app" te kan maak nie. – *Janneman*

Repairing homes in a burnt and broken Kayamandi – one of the most humbling experiences #KayamandiFire – *Louis van der Riet*

*You are welcome to write to Kampusnuus. Send a short letter to kampusnuus@sun.ac.za, fax 021 808 3800 or deliver at Admin B. A pseudonym may be used, provided that you supply your name and email/physicial address (not for publication). Kampusnuus reserves the right to shorten and edit letters. Comment on our SU Facebook page at www.facebook.com/stellenboschuniversity, or follow us on Twitter (stellenboschuni).*





# 'Popspeel' red lewens

*Met 'n groot glimlag vertel Sr Elize Archer, hoof van die Kliniesevaardigheidsentrum by die Tygerberg-kampus, hoe haar dogter se Graad R-juffrou haar op 'n dag eenkant geroep het om te vra wat sy nou eintlik doen, want haar dogtertjie sê haar ma speel pop vir 'n lewe. Dié poppe verwys natuurlik na die mannekyne waarop studente by die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe hul kliniese vaardighede slyp. Deur WILMA STASSEN*



**Hoewel ek verpleging gestudeer het ...** het ek as kind op my ouers se plaas in Dordrecht vir die mense op die plaas "skoolgegee". Een van die lekkerste goed is om te sien hoe die studente ontwikkel. Die dag wanneer hulle gradueer, is hulle heeltemal ander mense as die eerstejaars wat ses jaar gelede aangeklop het. 'n Mens kan sien hoe hulle ontwikkel, en jy is deel daarvan. Dit is veral duidelik by die kliniesevaardigheidsentrum – jy sien hoe hulle die goed wat hulle eers nie kon doen nie, baasraak, die selfvertroue wat hulle opbou, die ontwikkeling daarmee saam. Dis vir my baie bevredigend om deel van daardie proses te wees.

**Die "oorgang" van ...** om op 'n plastiese model te oefen tot om 'n regte pasiënt te behandel is een van ons grootste uitdagings. Ons probeer om dit so realisties moontlik te hou. Dit help nie ons leer hulle hoe om iets te doen nie, maar in die praktyk is van die toerusting miskien nie eens beskikbaar nie. Daarom is dit baie belangrik dat ons saam met die kliniese mense werk sodat die opleiding by die sentrum toepaslik bly.

**My dryfveer ...** was nog altyd om 'n sentrum van uitnemendheid te skep, en in die omstandighede by die fakulteit, met die ondersteuning van wonderlike personeel en fantastiese studente, was dit toe nie so moeilik nie. Soms moet ek myself knyp as ek dink, sjoe, hierdie goed het gebeur, en dit was wonderlik dat ek op die regte tyd op die regte plek was, en dat ek dit kon vorentoe vat.






**Ek het onlangs besluit ...** om 'n PhD in gesondheidsberoepe-onderwys aan te pak. Ek stel veral belang in die konsep van pasiëntgesentreerdheid. Hoewel ek nou maar eers begin het, neem dit redelik baie van my vrye tyd op. Dan neem my kinders ('n 11-jarige seun en 10-jarige dogter) se aktiwiteite ook baie tyd in beslag. Ek hou baie van reis en so een maal per jaar sal ons as gesin saam gaan vakansie hou.

**Ek dink 'n mens moet ...** die geleenthede wat na jou kant toe kom aangryp. Op die einde van die dag gaan niemand goed na jou toe bring nie. Die Kliniesevaardigheidsentrum was nie altyd so besig en betrokke by die fakulteit soos dit vandag is nie en ons het dit opgebou deur al die geleenthede wat ons kant toe gekom het aan te gryp – al was dit somtyds oorweldigend. Vandag is ons 'n volwaardige deel van die fakulteit en in die kurrikulum gevestig.

*Foto's: WILMA STASSEN*

## Terblanche elected to EMAC



*Prof Nic Terblanche*

Prof Nic Terblanche of the Department of Business Management has been elected to the Executive Committee of the European Marketing Academy (EMAC) for a term of three years. He will, amongst other responsibilities, attend to the promotion of EMAC in South Africa and represent EMAC members residing in Africa.

EMAC is a professional society for people involved in marketing theory and research. Its aims are to serve as the core of a communication network for disseminating information and promoting international exchange in the field of marketing. Membership is open to individuals from Europe and elsewhere.

At present, EMAC has more than 1 100 members from more than 57 different countries on five continents. Furthermore, EMAC edits the highly-rated *International Journal of Research in Marketing* (IJRM). The editorial board of this major marketing publication consists of leading researchers from all over the world.

From 2014, EMAC will publish a new behavioural journal, the *Journal of Marketing Behaviour*.

# SU represents SA at G20 Youth Summit

An Economics lecturer and two third-year students from SU are among the young leaders who have been selected to represent South Africa at the G20 Youth Summit this month in Russia.

Lecturer Kholekile Malindi and students Emma Johannes and Sandy Majola will be joining 150 to 200 of the best students and young experts in the field of international relations, economics, finance and law when they gather in St Petersburg to attend the summit.

The G20 Youth Summit is a global forum that brings young leaders from G20 member nations together to discuss innovative solutions to some of the world's most pressing issues, which are then shared with G20 policy makers.

"An amazing opportunity!" is how Malindi describes the prospect. "The intercultural aspect of the event – to sit down with people from so many different countries and cultures – is extremely exciting."

The Maties will be sponsored by SU and will be accompanied by representatives from the Universities of Cape Town and the Witwatersrand.

# US gasheer vir internasionale vennote

Die US was begin Maart gasheer vir 'n groot groep afgevaardigdes van die US se internasionale vennootinstansies by die jaarlikse saamtrek van die Stellenbosse Internasionale Akademiese Netwerke (SIAN).

Die openingsgeleentheid is by die US se Nagraadse en Internasionale Kantoor (NGIK) gehou. Die NGIK, wat in Maart sy 20ste verjaardag gevier het, reël die SIAN-byeenkoms, wat sedert 2003 gehou word. Dit is van 5 tot 9 Maart gehou en was deel van die viering van die US se verbintenis tot die internasionalisering van hoëronderrig.

Onder die vennootinstansies by vanjaar se SIAN-byeenkoms was die Eberhard-Karls Universiteit in Tübingen, Duitsland; die Katolieke Universiteit Leuven in België; Aberdeen Universiteit in Skotland; Nagoya Universiteit in Japan; Makerere Universiteit in Uganda; die Universiteit van Ghana; en Kennesaw Staatsuniversiteit in Amerika.

"Dankie vir julle samewerking op verskeie gebiede. Die enigste manier hoe ons as universiteit vorentoe kan beweeg is deur vennootskappe," het prof Eugene Cloete, US Viserektor: Navorsing en Innovasie, by die openingsgeleentheid gesê.

Volgens hom maak die US erns met internasionale netwerke omdat dit baat by vennootskappe. Hy het genoem dat vennootskappe die ruimte bied vir die ontsluiting van nuwe idees. "Internasionale samewerking bied oplossings vir baie van die probleme wat ons self geskep het."

Hy het die US se fokus op internasionale mobilisering beklemtoon en gewys op die 3 000 internasionale studente uit 100 lande – 12,5% van die Universiteit se studentegetal – wat hier studeer.



*Robert Kotzé, Senior Direkteur van die Nagraadse en Internasionale Kantoor, neem internasionale vennote op 'n toer van die kampus voor die opening van die SIAN-byeenkoms.* Foto: ADRIAN BAILLIE-SWART

Tydens gesprekke en seminare by STIAS het dr Christoff Pauw, Bestuurder van Internasionale Akademiese Netwerke by die NGIK, verwys na 18 nuwe ooreenkomste wat met universiteite in Asië, Europa, Afrika, Noord- en Suid-Amerika in 2012 gesluit is, asook graadkursusse wat gesamentlik deur die US en vier vennootinstansies aangebied word.

Benewens seminare en gesprekke is uitstappies na Kaapstad, 'n gala-konsert om die breër universiteitsgemeenskap te bedank vir hul bydraes oor die jare, asook 'n internasionale mobiliteitsuitstalling en kosaand gehou as deel van die SIAN-byeenkoms.



# US-wiskundige se foto haal **wêreldprys se kortlys**



*Prof Florian Breuer*

'n Wiskundige aan die US, prof Florian Breuer, se panoramiese en surrealistiese foto van koorsbome en die Melkweg (foto onder) het die kortlys gehaal in die oop-kategorie van die Wêreldfotografie-toekennings. Met meer as 122 000 inskrywings vanuit 170 lande, word die Wêreldfotografie-toekennings gereken as een van die wêreld se voorste fotografie-toekenningsprogramme.

Breuer, 'n spesialis in getalleteorie en rekenkundige meetkunde, sê hy het ongeveer vier jaar gelede begin om sy fotografie regtig ernstig op te neem nadat hy 'n tweedehandse Canon EOS 40D gekoop het.

Verskeie van sy foto's is al in gewilde tydskrifte soos *Getaway* en *Weg* gepubliseer. Die foto "Quiver trees by night 3" is uiteindelik gekies as 'n finalis vir die Wêreldfotografie-toekennings, en "Quiver trees by night 2" het 'n eervolle vermelding ontvang.

"Ek is nou baie passievol oor my fotografie en bestee deesdae meer tyd aan my fotografie as aan my navorsing!" spot Breuer, wat afdelingshoof is van Wiskunde in die Departement Wiskundige Wetenskappe.

Maar dit is die tegniese aspekte van fotografie in die algemeen en dié van sy kamera wat hy die meeste geniet: "Met 'n agtergrond in wiskunde begryp ek die tegniese moontlikhede redelik vinnig. Dit help as 'n mens bekend is met jou eie kamera en al die tegniese moontlikhede, want daar is dikwels nie veel tyd vir dink wanneer jy 'n spesifieke oomblik wil vasvang nie."

Die wenners is op 19 Maart aangekondig, en die finaliste se foto's word vir 'n maand lank in Somerset House, Londen, uitgestal.



## SU promotes Family Medicine in Africa

The advancement of Family Medicine in Africa was the theme of a visit by a group of high-level delegates from SU's Faculty of Medicine and Health Sciences (FMHS) to Makerere University in Uganda and Kenyatta University in Kenya in February.

This was the first official visit of a SU delegation to Kenyatta University since the parties signed an agreement in October last year to further collaboration between the two institutions. The group of delegates consisted of Prof Marietjie de Villiers, Deputy Dean: Education at FMHS; Prof Bob Mash, Head of Department: Family Medicine; Eben Mouton, Director: Business Management; and Prof Jean Nachega, Director: Centre for Infectious Disease.

The first area for collaboration between the universities under the new agreement is the development of a postgraduate curriculum in Family Medicine for Kenyatta.

To coincide with the visit by SU delegates, Kenyatta arranged a national workshop with representatives from seven public and private universities in Kenya to help with the development of the curriculum.

"The workshop was very fruitful and we could witness the rapid development path that Family Medicine will follow at Kenyatta as well as in Kenya as a whole, which of course will make a huge difference for the health of Kenya's people," said De Villiers.

SU also has an agreement of academic collaboration with Makerere University and the visit focused on capacity development and research in the field of Family Medicine.

## Universiteit stel mobiele webwerf bekend

Die US het onlangs sy eenvoudige mobiele webwerf, m.sun.ac.za, bekend gestel – dit beloof om veral studente se lewe mettertyd te vergemaklik.

Die webtuiste in sy mobi-formaat is tans vir alle universiteitsgemeenskappe beskikbaar, maar veral studente sal baat by die dienste soos etebesprekings vir koshuisinwoners, maklike toegang tot kampusnuus, eksamenroosters en -lokale, uitslae, toegang tot biblioteekbronne en meer.

Volgens Ralph Pina, Direkteur: IT (Ontwikkeling), was die idee nie om 'n volledige weergawe van die webtuiste te skep nie, maar eerder om bruikbare dienste vir mobiele gebruikers geleidelik beskikbaar te maak. Nog 'n doel is om pieklaste op webportale, soos tydens eksamens wanneer studente intensief eksamenpunte bekyk, te verminder.

# US ontvang dividend van mediese laboratorium

Unistel Medical Laboratories (Edms) Bpk het in Maart 'n dividenduitbetaling van R525 000 aan die US oorhandig tydens 'n spesiale geleentheid by die kantore van die US se tegnologie-oordragmaatskappy, InnovUS.

Die totale dividendbetaling van Unistel oor die afgelope twee jaar aan die US beloop meer as R1 miljoen. Dividende is tot dusver jaarliks uitbetaal.

Die US het via Innovus 'n aandeelhouding van 35% in Unistel. Twee groot patologiepraktyke, Pathcare en Ampath Patoloë, en vier private beleggers is die ander aandeelhouers.

Unistel is in 1999 gestig en is 'n gespesialiseerde diagnostiese toetssentrum vir mens- en diergenetika op die Tygerberg-kampus. Die maatskappy bied 'n volledige genetiese toetsingsdiens en is 'n wêreldwye verskaffer van omvattende, tegnologies gevorderde genetiese dienste.



*Dr Munro Marx, Besturende Direkteur van Unistel, oorhandig die tjek aan prof Russel Botman, US-rektor.* Foto: HENNIE RUDMAN

Volgens dr Munro Marx, Besturende Direkteur, gaan Unistel van krag tot krag en lewer die maatskappy 'n broodnodige diens aan geneeshere, pasiënte en kliënte. "Ons is baie trots op ons vermoë om uiters vinnige diens te kan bied en terselfdertyd ongeëwenaarde dienslewering te kan handhaaf."

Prof Leopoldt van Huyssteen, Uitvoerende Direkteur: Bedryf en Finansies aan die US, sê die Universiteit is trots op die sukses van Unistel as een van sy afwentelmaatskappye. "Unistel is net nog 'n bewys van hoe innovasie en entrepreneurskap tot sakesukses lei. Ons is ook trots op die feit dat Unistel se gehaltedienste nie net in Suid-Afrika in aanvraag is nie, maar ook deur talle ander lande benut word."

Unistel bied sy dienste aan in samewerking met verskeie geakkrediteerde en deskundige laboratoriums. Die dienste word ook aan Namibië, Botswana, Zimbabwe, Kenia, Nigerië, Uganda, Ghana, Mauritius en talle ander Afrika-lande gebied.

# Nobelpryswenner in Stellenbosch

'n Nobelprys-wenner het in Maart die tweede openbare STIAS-lesing vir vanjaar aangebied. Prof Harald zur Hausen, ook 'n STIAS-genoot, het in sy lesing gesê mense wat baie rooivleis, veral beesvleis, eet staan 'n groter kans om kolonkanker te kry.

Zur Hausen is 'n viroloog verbonde aan die Duitse Sentrum vir Kankernavorsing. Hy het in 2008 die Nobelprys vir Geneeskunde ontvang vir sy ontdekking van papilloma-virusse wat 'n rol speel in servikskanker.

"Studies het getoon dat 20% tot 30% van alle gevalle van kolonkanker aan die eet van rooivleis, veral beesvleis, toegeskryf kan word," het Zur Hausen gesê. Hy het genoem dat kolonkanker die tipe kanker is wat die derde meeste by mense voorkom.

Selfs chemiese stowwe in biltong kan ook kolonkanker veroorsaak. "Chemiese kankerwekkende stowwe wat tydens die rooster, braai, bak of droog van vleis vrygestel word geld as die vernaamste risikofaktore." Hierdie stowwe bly selfs by hoë temperature aktief.

Zur Hausen het daarop gewys dat die voorkoms van kolonkanker veral hoog is in lande waar mense baie rooivleis eet. Hier het hy Argentinië, Uruguay, Nieu-Seeland en die VSA uitgesonder.



*Prof Harald zur Hausen.* Foto: ALEC BASSON

# Thuthuka group adopts penguins

The Stellenbosch Thuthuka (BRek) students gained twelve new honorary "members".

As part of these students' commitment to community service and giving, they raised money and adopted twelve African penguins from the Southern African Foundation for the Conservation of Coastal Birds (SANCCOB). They were assisted by the staff of the Department of Accounting who also adopted a penguin or two.

SANCCOB is a leading marine-orientated non-profit organisation which has treated more than 90 000 oiled, ill, injured or abandoned endangered African penguins and other threatened seabirds since being established in 1968. Independent research confirms that the wild African penguin population is 19% higher due to SANCCOB's conservation efforts.

African penguins are endangered, as their numbers have declined by 64% in the last decade alone. It costs approximately R500 to rehabilitate a penguin back to health and release it into the wild. The money raised assists in funding the rehabilitation.

"The Stellenbosch Thuthuka family will continue to grow in the near future," says Riaan Rudman, senior lecturer in Accounting and Thuthuka project manager.



# SU library director to assist in reconstruction of Mali's cultural heritage



*Ellen Tise*

Ellen Tise, Senior Director of the Library and Information Service, was nominated by the International Federation of Library Associations and Institutions (IFLA) to serve on the United Nations Educational, Scientific and Cultural Organisation (UNESCO) expert working group for the restoration and reconstruction of Mali's cultural heritage and building the necessary capacity.

Cultural heritage in Mali suffered considerable damage in the recent conflict between the Mali government and Islamic rebels when world heritage sites and the Ahmed Baba Institute of Islamic Advanced Studies and Research were targeted by plunderers.

The role of the UNESCO working group will be to assess the impact of the conflict on Mali's cultural heritage and to provide assistance for the rebuilding of library infrastructure in the country. Tise's role will focus on liaison across the participating organisations.




*Timbuktu manuscripts on astrology and mathematics.*

In a statement the IFLA explained that she is exceptionally well-equipped to fulfil this role. Tise said: "It is a great honour for me to serve on this working group, but it goes with great responsibility." The importance and value of Mali's cultural heritage is immeasurable.

# Standard Bank-sentrum kry inspuiting van R5,13 miljoen

Die US se Standard Bank-sentrum vir die Ontwikkeling van Agribesigheidsleierskap en -mentorskap kry 'n verdere hupstoot in die vorm van 'n verhoogde belegging van sy strategiese vennoot, Standard Bank. Die bank sal sy belegging in die sentrum verhoog vanaf R3,45 miljoen oor die afgelope drie jaar tot R5,13 miljoen oor die volgende drie jaar.




*Hier is prof Johan van Rooyen en prof Mohammad Karaan saam met Willie du Plessis, Standard Bank Hoof van Landbou-besigheid.*

Die sentrum is die eerste in sy soort in Afrika en is deel van die US se HOOP Projek. Dit is in 2010 op die been gebring in antwoord op die hoë mislukkingsyfer van grondhervormingsprojekte en ontluikende kommersiële boerderye, en is ontwerp om huidige uitdagings in die landbousektor die hoof te bied.

"Dit is belangrik dat ons die momentum van die sentrum se sukses sedert sy bekendstelling drie jaar gelede volhou. Die sentrum dryf belangrike betrokkenheid en leierskap in denke in die Suid-Afrikaanse landboubedryf," sê Willie du Plessis, Standard Bank Hoof van Landboubesigheid.

Die sentrum het al 'n aantal imbizo's of leierskap-laboratoriums aangebied waar leiers in die bedryf bydraes kon lewer en inligting kon deel rondom kwessies soos transformasie, grondhervorming, werkskepping en eenheid.

## Bome vir Woorde-projek plant 500 bome

US studente en leerders van verskeie Stellenbosse skole het begin Maart meer as 500 spekbome in die Jan Marais Park in Stellenbosch geplant. Die projek, Bome vir Woorde II, vorm jaarliks deel van die US Woordfees.

Die deelnemende skole was Bloemhof, Laerskool en Hoërskool Stellenbosch, Paul Roos Gimnasium en Dorothea Skool, terwyl verskeie US-koshuise in klusterverband ook bome help plant het. 'n Koor van Hoërskool Stellenbosch, Brandslang, het van die vermaak verskaf.

Volgens Johan Roux, hoof van die park en verbonde aan die Stellenbosch Munisipaliteit, is die inheemse spekboom die ideale boom om aan te plant omdat dit koolsuurgas snags opneem, vinniger bedags groei en in droë dele voorkom.

Die aanplant van 10 hektaar se spekbome is gelykstaande aan 26 motors wat vir 'n jaar van die pad gehou word.

Die Bome vir Woorde-projek word jaarliks aangepak om 'n bydrae te maak om die US Woordfees se koolstofvoetspoor te help verklein. Die bome word deur die munisipaliteit voorsien wat ook die voorbereiding van die area doen.

Graad 8-leerders van die Hoërskool Stellenbosch het ook die gebied waar die bome geplant is, skoongemaak en rommel opgetel.

# Drukpot vol verkeer

*As jy reken die verkeer in Stellenbosch word jaar ná jaar al meer druk, is jy doodreg. 'n Studie oor die toename in die verkeersvolume wys die feite. STEPHANIE NIEUWOUDT vertel meer.*

Inwoners kla al lank hieroor en nou word dit bevestig in die boek *Sustainable Stellenbosch – Opening Dialogues*. Daar is eenvoudig te veel verkeer in Stellenbosch.

In die hoofstuk "Transport – Improving traffic flows in Stellenbosch" skryf die akademici Marion Sinclair, Christo Bester en Esbeth van Dyk verkeer het die afgelope tien jaar so toegeneem dat dit buite verhouding is met die getal mense wat in die gebied woon. (Sien statistiek hiernaas.)

> Die redes vir die toename word toegeskryf aan 'n gebrekkige openbare vervoerstelsel en studente van naburige gebiede wat van private voertuie gebruik maak.

Die redes vir die toename word toegeskryf aan 'n gebrekkige openbare vervoerstelsel en studente van naburige gebiede wat van private voertuie gebruik maak. Vir baie is dit nie 'n opsie om per trein te reis nie weens veiligheidskwessies en die onbetroubaarheid van die treindienste.

Op weeksdae is daar minstens 100 taxi's wat 27 roetes van vyf staanplekke in die dorp bedien. Altesaam 7 500 passasiers word tydens 940 ritte vervoer.

'n Groot aantal mense reis ook per voertuig deur Stellenbosch op pad na 'n ander bestemming. Swaarvoertuie maak ook van die R44 gebruik om die weegbrug op die N1 en N2 te vermy.

Verkeersopeenhopings soggens lei tot 'n verlies aan produktiwiteit wat die ekonomiese doeltreffendheid van ondernemings ondermyn. Dit werk ook negatief in op doeltreffende dienslewering. Navorsing het voorts bewys dat verkeer van onder 30km/h waar deurentyd gerem word, eis 'n tol op brandstofverbruik en bandslytasie.



*Drukverkeer in Birdstraat, Stellenbosch.* Foto: JUSTIN ALBERTS

Internasionale navorsing dui daarop dat lugbesoedeling vererger word deur verkeerskongestie en swaar verkeer dra selfs by tot depressie en aggressie. Erge verkeer kan dus negatief inwerk op die psigososiale gesondheid van 'n bevolking.

Dit blyk ook asof studente bydra tot 'n hoë voorkoms van ongelukke in Stellenbosch. Daar is byvoorbeeld 'n dramatiese afname in padongelukke in Desember wanneer studente met vakansie is. Oor 'n tydperk van drie jaar was daar gemiddeld 232 botsings per maand (Desember uitgesluit). In 2009 was die meeste ongelukke (274) in Mei, vergeleke met "net" 138 in Desember. Talle studente het aangedui dat hulle nie verkeersreëls nakom nie, want daar is nie doeltreffende wetstoepassing nie.

Volgens die skrywers kan die probleem met hoëverkeersvolumes aangespreek word deur 'n verandering aan die pad aan te bring by die kruising tussen Strandweg en Adam Tas. Teen ongeveer 08:00 soggens is daar 'n dramatiese toename in verkeer – werkgewers kan dit dalk oorweeg om werknemers fleksietyd te laat werk om die verkeerslas te verlig.

Vragvervoer kan ook beter beplan word om te keer dat afleweringsvoertuie bykomende spanning op die netwerk veroorsaak.

Die mees volhoubare oplossing is egter om mense te oorreed om meer gereeld van openbare vervoer gebruik te maak en om nie-gemotoriseerde vervoer (soos fietse) vir kort afstande te gebruik.


## Die syfers

Die daaglikse verkeersvolume op die R44 (rigting Somerset-Wes) het van 20 500 in 2000 na 35 400 in 2009 toegeneem. Dié syfer sal na verwagting teen 2030 na 73 224 styg. Dit is 'n groeikoers van 6,2%, vergeleke met die Wes-Kaapse gemiddelde van 3,7%.

Elders was die toename vir dieselfde tydperk: R44 Cloetesville van 12 928 na 19 339 (39 995 in 2030); R304 Kayamandi van 14 151 na 18 247 (37 737 in 2030); Polkadraai van 13 641 na 19 207 (39 722 in 2030); en Helshoogte van 5 358 na 6 839 (14 256 in 2030).

*Sustainable Stellenbosch* is 'n versameling bydraes deur akademici en navorsers van die US en is daarop gerig om riglyne vir 'n volhoubare toekoms vir Stellenbosch en sy inwoners daar te stel. Die navorsing vir die boek is ondersteun deur die Nasionale Navorsingstigting en die TsamaHub, 'n inisiatief van die US se HOOP Projek waardeur die Universiteit probeer om oplossings te vind vir sosiale uitdagings.

Vir navrae kontak SUN PReSS by 021 808 9039, stuur e-pos na ASMBOOKS@sun.ac.za of besoek www.sun-e-shop.co.za.




# WAT woeker voort met nuwe projek



*Die ondersteunende kunstenaar van vanjaar se rondte van Borg 'n Woord, Marita van der Vyver, trek die gelukkige wenner van vanjaar se R25 000 Absa-belegging. By haar staan dr Willem Botha (links), Uitvoerende Direkteur van die WAT, en Willie Lategan, Uitvoerende Hoof: Finansiële Dienste by Absa.*

Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) beoog om binnekort sy lys van Kaapse Afrikaanse woorde en uitdrukkings uit te brei danksy 'n inisiatief van die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans (SBA).

Volgens dr Willem Botha, Uitvoerende Direkteur van die WAT, het die SBA onderwysers op die Kaapse Vlakte gevra om Kaapse Afrikaanse woorde neer te skryf en op dié manier te dokumenteer aangesien dit dikwels nie woordeboeke haal nie.

> Die WAT neem wel die verskillende variëteite van Afrikaans op, maar ons wil graag deel wees van hierdie projek om ons opname van alle variëteite te verbeter.

"Die WAT neem wel die verskillende variëteite van Afrikaans op, maar ons wil graag deel wees van hierdie projek om ons opname van alle variëteite te verbeter."

Die onderwysers wat aan die projek deelneem sal in die volgende maand minstens twee woorde per dag neerskryf. Dié woorde sal op 'n volgende vergadering bespreek word en daar sal besluit word wat met die woorde gedoen sal word.

Die WAT het ook onlangs in 'n prystrekking die wenner van sy jaarlikse Absa-belegging ter waarde van R25 000 bekend gemaak.

Die bekroonde skrywer, Marita van der Vyver, wat in 2012 die ambassadeur van die Borg 'n Woord-projek was, het die trekking gedoen tydens die US Woordfees.

Alana Bailey was vanjaar se gelukkige wenner.

Almal wat 'n woord borg teen R100 elk of eksklusief teen R5 000 kom in aanmerking vir hierdie trekking.

Besoek www.wat.co.za vir meer inligting. Enigeen wat bydraes wil lewer vir die Kaapse Afrikaans-woordelys, kan dit stuur aan Danie van Wyk, Uitvoerende Hoof van die SBA, by daniel.vanwyk@media24.com.

– SONIKA LAMPRECHT

# Hoffman wéét van vleis

*Wie is die man agter Suid-Afrika se sogenaamde "vleisskandaal" wat onlangs die media oorheers het? ENGELA DUVENAGE het met prof Louw Hoffman gesels.*

"Ek eet graag my navorsing," grinnik prof Louw Hoffman terwyl hy 'n reuse rol salami van 'n rak afhaal in 'n koelkamer van die Departement Veekundige Wetenskappe. Neffens dié koelkamer in die Mike de Vries-gebou is 'n goedtoegeruste "slaghuis" waar veekunde- en voedselwetenskapstudente in praktiese sessies leer om vleis van verskillende diersoorte in spek, salami, polonie en biltong te verwerk. Dié fasiliteit is by die Departement van Gesondheid geregistreer vir die verkoop van vleisprodukte aan die publiek.

Hoffman is 'n praktiese man. As sy studente vlakvarke of kolganse moet skiet om nuwe maniere te toets om hierdie toenemende probleemspesies sinvol vir die pot te verwerk, is hy saam in die veld. Hy verwys nie verniet na homself as "'n gefrustreerde boer sonder 'n plaas wat toe maar 'n akademikus en navorser geword het nie"!

Dié Zimbabwiese plaasseun het as Matie 'n meestersgraad oor die gehalte van varkvleis behaal, voordat 'n navorsingspos oor varswatervis en akwakultuur-produksiestelsels hom na die Universiteit van Limpopo gelok het en tot sy PhD oor babers se vleisgehalte gelei het. As enigste wetenskaplike wêreldwyd wat die kwaliteit van wildsvleis uit Afrika navors, fokus Hoffman bykans eksklusief op die faktore wat die vleiskwaliteit beïnvloed van onder meer volstruis, koedoe, vlakvark, krokodil en voëlwild soos kolganse en tarentale.

"Saam met my navorsingspan neem ons elke aspek van varsvleisproduksie in ag, 'van die bos tot kos' by wyse van spreke," voeg dié ontvanger van 'n silwer medalje van die Suid-Afrikaanse Veekundevereniging by.

Al het sy navorsingonderwerpe so 'n sterk Afrika- en Suid-Afrikaanse fokus is dit van groot internasionale belang vanweë die toename in die uitvoer van wildsvleis na Europa en ander lande. "Wildsvleis is besig om al gewilder te word onder verbruikers wat gesonder, maerder alternatiewe (met eiesoortige sensoriese eienskappe) vir rooivleis soek."

Vir 'n meer opwindende – en beslis veelbesproke – begin van 'n jaar kon Hoffman tot dusver beswaarlik hoop. In Januarie het hy die eerste Suid-Afrikaner geword om die gerekende Amerikaanse vereniging vir Vleiskunde (AMSA) se Internasionale Lektoraat-toekenning te ontvang.

In Februarie is die papierwerk uiteindelik uitgeklaar rondom sy aanstelling as bekleër van die SARChI Leerstoel in Vleiskunde: Genomika tot Nutrinomika, in samewerking met die Universiteit van Fort Hare. In dieselfde maand is die bevindinge van 'n artikel in die internasionale vaktydskrif *Food Control* bekend gemaak wat die Suid-Afrikaanse en internasionale media in rep en roer gehad het.



*Prof Louw Hoffman* *Foto: ENGELA DUVENAGE*

Hoffman, sy nadoktorale navorser dr Donna-Maréé Cawthorn, en Harris Steinman van die Food & Allergy Consulting & Testing Service het 139 maalvleis, hamburgervleis en worsprodukte vanuit supermarkte en slaghuise in die Wes-Kaap, KwaZulu-Natal en Gauteng aan DNS-gebaseerde spesie-verifikasie onderwerp. Hulle het bevind dat 95 (68%) daarvan spesies soos donkie, bok, waterbuffel en soja bevat het wat nie op die produketikette verklaar is nie. 'n Parlementêre ondersoek na die plaaslike vleisbedryf en 'n ondersoek deur die Nasionale Verbruikerskommissie het reeds hieruit voortgespruit.

Sy navorsingspan het intussen reeds vir die nasionale Departement Landbou, Visserye en Bosbou 'n vinniger metode ontwikkel om vleismonsters te toets. Sy laboratorium staan gepak met produkte wat produsente, winkelgroepe en joernaliste wil toets. "Die bykomende fondse uit hierdie bestaande diens aan die bedryf maak dit vir my moontlik om 'n heelwat vinniger outomatiese PCR-instrument vir die ekstraksie van DNS te koop," voeg hy tevrede by.

En nee, hy skroom nie om sogenaamde "slegte nuus" weer bekend te maak nie. Inteendeel, soortgelyke projekte oor hoe restaurantbesoekers verneuk word met die soort vis- en wildsvleis waarvoor hulle betaal, word binnekort afgehandel.

### Prof Hoffman in kort

- Het reeds 57 MSc- en 11 PhD-studente in hul navorsing begelei.
- Bied gereeld kortkursusse oor wildsvleis regoor Suider-Afrika aan.
- Reeds meer as 160 navorsingsartikels gepubliseer.
- Het albei hoofstukke oor die vleis en produksie van eksotiese diere in die opgedateerde *Meat Science Encyclopedia* geskryf.
- Is medeouteur van 'n gids vir wildoesspanne oor die nakoming van die vereistes van die Europese Unie vir wildsvleisuitvoere.



# Breaking academic records

***In terms of degrees awarded, 2012 was a record-breaking academic year for Stellenbosch University, with the most doctoral degrees ever conferred in one academic year.***

At the March graduation ceremonies the most doctorates were conferred during a single graduation week ever at SU. At the four March graduation ceremonies – held from Monday 11 March to Thursday 14 March – 130 doctorates were awarded. Combined with the doctorates awarded in December 2012 (degrees awarded in March form part of the previous academic year) it is also the most doctorates ever to be awarded at SU in a single academic year (2012) – a total of 240.

This increase must be viewed in the light of a critical shortage of doctorates in South Africa. The country delivers some 28 PhD degrees per million people of the population. This is much less than what is needed to support a knowledge-based South African economy (measured against the 48 in Brazil, 187 in Korea, and 264 in Australia). According to the National Development Plan, the number of doctorates awarded annually has to be increased to 5 000 by 2030 (100 per million people). In 2010, it was 1 421.

### Arts Faculty delivers record 56 PhD graduates

The Faculty of Arts and Social Sciences celebrated two major milestones: the graduation of a record 56 PhD graduates for the 2012 academic year, which also includes the first cohort of 19 graduates to finish their doctoral studies through the Faculty's unique Graduate School programme, a HOPE Project initiative.

Of the 56 PhD degrees awarded, 19 were conferred in December and a further 37 was awarded at the March graduation ceremony. Of the 19 graduates from the Graduate School, four completed their degrees over a period of two years and have returned to SU in 2013 to focus on converting their research into journal articles for publication.

Over the last four years, the Graduate School has registered 88 PhD candidates from 14 African countries.



*Three honorary doctorates were awarded at the March graduation. Here are Dr James Laing Barnard, Prof Wieland Gevers, and former head of state of Mozambique, Dr Joaquim Chissano, with Prof Russel Botman, SU Rector.* *Photo: ANTON JORDAAN*

### Record postgraduates for Faculty of Science

SU's Faculty of Science has reason to be proud: A record number of 263 postgraduate students in the Faculty received honours (134), masters (72) and doctoral degrees (57) in various fields.

One of these interesting research projects came from the Department of Chemistry and Polymer Science. Dr Eugene Lakay developed new polymeric nanoparticles with ion-exchange properties to extract up to 99% of the gold from waste streams in the precious metal refining industry.

In another study, Dr Angelique Laurie developed a new hypothesis to explain the creation of the earth's continental crust about 2,5 billion years ago. The experiments were performed in special autoclaves at SU's Central Analytical Facility to replicate the extreme pressures and temperature conditions typical of that time, and then combined with modelling expertise from Europe.

### Most graduates to date for Africa Centre

The popularity of postgraduate courses at SU's Africa Centre for HIV and AIDS Management seems to be on the increase, judging by the 67 MPhil and more than 300 Postgraduate Diplomas in HIV/AIDS Management awarded at the March graduation ceremony.

Prof Jan du Toit, Director of the Africa Centre, says this is the biggest postgraduate group that the Centre has delivered since its inception in 2001. "The centre's courses are so popular because they deal with such a relevant issue. Students come from 15 countries in Africa and 10 other countries. The more than 300 community projects that alumni have started are making a huge impact in their communities."

The Africa Centre, a HOPE Project initiative, offers comprehensive HIV and AIDS postgraduate academic training programmes, as well as community mobilisation programmes.



*Proff Jimmie Earl Perry and Jan du Toit of the Africa Centre with Prof Arnold Schoonwinkel, Vice-Rector: Teaching and Learning, and Dr Bunmi Makinwa of the United Nations Population Fund who also graduated.*

# Chamber music festival to celebrate 10 years



*Conductor Daniel Raiskin rehearsing with students at the Stellenbosch International Chamber Music Festival in 2012.*

A packed programme of concerts performed by some of the most renowned musicians in the world is planned for the 10th Stellenbosch International Chamber Music Festival (SICMF) this year.

In celebrating its 10th year, the festival will pull out all the stops to not only present brilliant concerts but also widen its scope to reach audiences worldwide, says Peter Martens, acclaimed cellist and Festival Director.

"This year, the festival will be the biggest ever with some exciting additions to further enhance its profile and recognition as a world-class event. We also expect a larger amount of young musicians who will participate in our master classes and workshops presented by the top musicians we have invited," says Martens.

The SICMF will be held at SU's Conservatoire from 5 to 14 July. Besides concerts and public master classes, the festival also presents lectures and coaching sessions for students from across South Africa.

The festival started out in 2004 as the brainchild of its Artistic Director, Prof Nina Schumann, who with the help of one student assistant and her husband, Portuguese-born concert pianist Luis Magalhães, put on a festival at which 35 student participants were expected – 100 participants enrolled for that first festival! Enjoying international recognition as a world-class event, the SICMF is currently the only festival of its kind on the African continent.

This year, 250 students are expected to participate, while 19 overseas-based and eight locally based top-notch musicians will, in addition to a full daily schedule of coaching and rehearsing, present what has become known as the most exciting series of evening concerts to be found on the South African classical music concert calendar.

"The SICMF has come to represent so much more than just world-class concerts and inspiring teaching. It is a melting pot of cultures, incredible camaraderie, good food and the most amazing artistic interaction that facilitates the forging of even the most unlikely harmonies – it simply has to be experienced and when it is, it is life-changing," says Martens, whose words are supported by the large number of recurring student participants and audience members year after year.

Visit www.sicmf.co.za for more information.

## Lunch-time

With its bright green signage, decorated with two cute red chillies, it's difficult not to notice Thai Café in Plein Street, Stellenbosch.

The restaurant opened its doors last year next to the entrance to Col'Caccio's. The bright décor lures one in and gives a feeling of a clean and slick restaurant.

This it is indeed. Thai Café's menu sports a huge variety of dishes. Starters include springrolls and chicken satay, with also a few salads and soups to choose from.


Their main meals include curries, of which the green curry is delicious, as well as stir-fries. Try the Phad Ki Mao stir-fry with rice noodles – simply divine. A few interesting chef's specials, like Crispy Duck and Prawns Cashew, are also available.

All the dishes can be ordered in mild to hot and Thai Style. They're also quick – dishes are prepared in literally ten minutes.




*Met goeie kuns, lekker kos en 'n winkel vol interessanthede sal hierdie maand sommer 'n genotvolle ervaring wees. Lees hier meer oor die kunstenaars Stephen Hobbs se boeiende uitstalling, die heerlike Thaise kos by Thai Café, en gaan besoek gerus die BioBou-winkel in die Botaniese Tuin in Stellenbosch.*

## Kyk



'n Ondersoekende uitstalling wat video, fotografie en installasiewerke insluit, sowel as sommige kunswerke uit Stephen Hobbs se finale jaar by die Wits Skool vir Visuele Kunste is te sien in 'n uitstalling in die US Kunsgalery.

Die uitstalling heet *Aktiwiteite op die Grid*.

Die werke lewer bewys van Hobbs se belangstelling in abstrakte, efemere situasies en interpretasies van stedelike ruimtes.

Dié Johannesburgse kunstenaar se kreatiewe ondersoek word geïnformeer deur verskeie politieke en maatskaplike toestande, wat op sy beurt sedert 1994 sy multi-funksionele en responsiewe stedelike praktyk vorm.

Die stad, Johannesburg in besonder, dien as 'n instrument en 'n laboratorium om sin te maak van Suid-Afrika as 'n staat van ontwikkeling en groei ná apartheid. In Johannesburg se geval word hierdie proses van ontwikkeling dikwels gesien as die teenoorgestelde, 'n soort radikale regressie.

Hobbs het vir twee dekades met hierdie teenstrydigheid gewerk as 'n manier om die begrip van stedelike verandering en die funksie daarvan te verstaan, verval as 'n metaforiese taal. Sy belangstelling is in die verhouding tussen mense en die omgewings wat hulle bou.

Die afgelope jare het Hobbs se voorkeur vir die gebied van argitektuur as 'n ruimte vir samewerking in 'n reeks van beeldhou-proposisies ontaard. Hierdie werke besin oor die kwessies van skaal en visionêre denke in beboude omgewings.

Die dikwels pateties onvermy-delikheid van die onboubare dien as 'n raamwerk waarbinne Hobbs spesifieke navorsing in ontwikkelende lande voer. Hy kyk na gebiede waar moderne eksperimente misluk het te midde van plaaslike orde, ekonomie en konteks-spesifieke praktyke.

Die uitstalling duur tot 27 April in die US Kunsgalery. Toegang is gratis.

## Kuier

Die Botaniese Tuin in Stellenbosch het vele skatte. Een van hulle is die BioBou-winkel so effens in die middel van die tuin. Dit is 'n klein winkeltjie, maar is 'n skatkis vol verrassings.

Viola Calitz en Marga den Hartigh sê dié winkel, wat in 2005 geopen en in 2006 deur die Botaniese Tuin oorgeneem is, is vol inheemse produkte. "Alles het 'n inheemse plantbasis, en ons is baie trots daarop," sê hulle.

Daarbenewens is daar rakke vol boeke (meestal in beide Afrikaans én Engels) oor inheemse plante, asook kinderboeke. Die plantprodukte sluit in tee, koffie, skoonheidsprodukte en selfs spesery en ander kos-items.

Die produkte is afkomstig van plante soos rooibos, boegoe, aalwyn, heuningbos, maroelas en die Afrika-aartappel. Marga sê dit is slegs van die koffiesoorte wat uit ander Afrika-lande kom.

"Van ons kosmetiese produkte is ook homeopaties en gemaak van slegs natuurlike bestanddele, sonder enige sulfaat of geursel by. Die parfuums word volgens ou prosesse vervaardig en bevat nie enige bymiddels nie," vertel Marga.

Die winkel se kostafel is vol. Benewens sout en speserye, is die Universiteit se eie wyn onder die handelsmerk Die Laan te koop. Vir dié wat na resepte vir heilsame etes soek, is daar ook kookboeke hier.

Langs die winkel is die Botaniese Tuin se bonsai-afdeling, en binne die winkel kan jy ook bakke, draad en klippies vir jou bonsai-boom aanskaf.

Op die koop toe hou die BioBou-winkel ook kleurvolle geweefde mandjies aan, en die Botaniese Tuin se surplus plante kan ook soms daar aangekoop word.

Gaan loer gerus in; jy sal vir seker 'n paar verrassings op die rakke vind. Die BioBou-winkel is sewe dae per week oop van 08:00 tot 17:00.



# Gesonde kompetisie

*Dis weer tyd vir die Universiteit se jaarlikse Welwees Pretstap/draf op Stellenbosch. Op 11 April spring personeel en studente weg om dié 5km-roete aan te pak. Drie deelnemers aan verlede jaar se Pretstap/draf vertel hoekom draf vir hulle die beste oefening is.*

Die US Welwees se 5km Pretstap/draf word op Donderdag 11 April om 14:30 gehou. Dit begin en eindig in Victoriastraat voor die Konservatorium. Kry jou inskrywingsvorms aanlyn by http://wellness.getgiddyup.com of Menslike Hulpbronne in Admin C. Vir navrae kontak Michelle Jooste by 021 808 2755 of joostem@sun.ac.za.



**Alec Basson**
Net die woord draf is genoeg om baie mense na drank te dryf. Vir hulle is dit 'n marteling – letterlik en figuurlik.

Waar "malles" soos ek dit geniet om ligvoets 'n heuwel uit te hardloop, verkies ander 'n minder "pynigende" tydverdryf. Op die oog af lyk dit soos 'n uitmergelende affêre, maar eintlik is draf heel lekker.

Dit is goed vir fisiese gesondheid, dit is 'n uitlaatklep vir frustrasies, help om stres te beheer en bied ook 'n ander blik op die asemrowende natuurskoon. Ek geniet dit om ná 'n dag se harde werk te draf en my kop skoon te kry.

Vir my bly draf nog die beste oefening en ek sal dit nog lank ontsettend geniet.

*Dr Alec Basson werk in die afdeling Kommunikasie en Skakeling en was die algehele wenner van die 2012 US Welwees Pretstap/draf.*



**Nicky Fransman**
Dat ek draf is vir my 'n stimulerende lewensgang wat soms geweldige uitdagings van persoonlike dissipline eis. Met dié dat ek daagliks stresvolle situasies hanteer, het ek drie jaar gelede besluit om ernstig te begin draf. Ek het selfs by 'n atletiekklub aangesluit. Verlede jaar het ek die Twee Oseane-marathon gedoen, en die Comrades wink nog in die verre.

Om aan die US Pretstap/draf deel te neem, sorg vir 'n fantastiese samesyn tussen kollegas met wie jy gewoonlik net oor die telefoon of per e-pos kommunikeer. Dit is 'n geleentheid om lekker saam heupe te swaai, om saam om die waterpunt weer te verfris, aan die einde 'n medalje te ontvang en saam koning te kraai. Sedert ek draf, slaap ek beter, eet gesonder, ek hanteer stres beter, en ek kan flink dink.

*Nicky Fransman is Senior Fasiliteits-beampte by die Konservatorium en het derde geëindig in die 2012 US Welwees Pretstap/draf.*



**Johanna van Niekerk**
Vir my is die moeilikste deel om van die kantoor na die drafplek te gaan; daardie dissipline. Maar as ek eers daar is en sweet en swaarkry, dan is dit ongelooflik lekker. Ná 'n lang dag se harde werk is dit beste manier om my kop skoon te kry en af te skakel.

Dis verstommend: 'n Mens sien dan skielik al die mooi blomme en natuurskoon, en asem die vars lug in. As jy gereeld draf, leer jy ook ander drawwers en stappers ken en julle groet mekaar op die roete. In alle opsigte is dit 'n positiewe ervaring.

Die US Welwees Pretstap/draf is regtig gesellig, want jy is verras oor al die bekend gesigte. En dis tog te lekker om saam met jou kollegas daaraan deel te neem.

*Johanna van Niekerk is Senior Administratiewe Beampte by Menslike Hulpbronne.*





# Oor bendes en politiek

*Dr Derica Lambrechts het op die Maart-gradeplegtigheid haar doktorsgraad in Politieke Wetenskap gekry oor interessante navorsing oor die impak van bendes op die Kaapse Vlakte. STEPHANIE NIEUWOUDT het met dié dosent in die Departement Politieke Wetenskap gesels.*

Wat is die impak van georganiseerde misdaad, en meer spesifiek die bendes op die Kaapse Vlakte, op die sosiale beheer van die staat op plaaslike vlak? Dít is een van die vrae wat dr Derica Lambrechts, 'n dosent in die Departement Politieke Wetenskap, gevra het met haar doktorale navorsing getiteld *The Impact of Organised Crime on Social Control by the State: a Study of Manenberg in Cape Town, South Africa*.

"Ek is nie 'n sosioloog of antropoloog of kriminoloog nie. Ek het nie probeer om die gedrag van die bendes op die Kaapse Vlakte te analiseer nie. Ek het suiwer gekyk na wat die impak van bendes is as 'n voorbeeld van georganiseerde misdaad op die staat op plaaslike vlak en op die plaaslike samelewing."

Een van die hipoteses waarmee sy gewerk het, is dat daar wisselwerking tussen die bendes en die plaaslike gemeenskap en die plaaslike owerhede is. Dis geensins 'n simbiotiese verhouding nie, sê Lambrechts, maar voeg by dat van die amptenare van die plaaslike en provinsiale regering op verskeie geleenthede al erken het dat daar soms met die bendes onderhandel word ten einde die vrede te bewaar.

"Wanneer die owerhede onderhandel met 'n rolspeler wat buite die regeringstrukture optree, gee hulle erkenning dat daardie speler belangrik is en word die speler deel van die magstruktuur. Dis gevaarlik vir die voorbestaan van die staat."

Sy voeg by: "Ons het 'n Wesfaalse konsep van die staat waarvolgens die staat die soewereine handhawer van orde is en die belangrikste rolspeler. Die vraag is egter of die staat inderdaad die belangrikste agent is. Dit wil voorkom asof 'n gedeelte van die staat se mag op die Kaapse Vlakte weggeneem word omdat bendes die mag oorneem.

"Die veronderstellings is in skerp teenstelling met die werklikheid van die Stad Kaapstad wat die bes bestuurde munisipaliteit in die land is. Tog is daar in Manenberg op die Kaapse Vlakte 'n vakuum in sekere pligte wat die staat moet vervul. Daar is funksionele gapings wat betref sekuriteit, behuising, opvoedingstrukture, sanitasie en ontspanning. Die stad het nie noodwendig die kapasiteit om al die gapings te vul nie."

Sy som haar bevindinge op dat daar in Manenberg op die Kaapse Vlakte 'n stelsel van plaaslike magsdinamiek is tussen die kriminele gemeenskap, die sosiale gemeenskap en plaaslike regeringsagente, waar diadiese medewerking tussen al drie dié akteurs voorkom. Ten spyte van hierdie samewerking, kom die kriminalisering van die staat egter nie voor nie, maar eerder 'n verstaatliking van die georganiseerde misdaadgemeenskap, aangesien dit goedere en dienste aan die sosiale gemeenskap verskaf.

Lambrechts het drie maande lank veldwerk in Manenberg gedoen waartydens sy gemiddeld drie keer per week na die woonbuurt toe gegaan het. "Ek sou nie die navorsing kon doen sonder my navorsingsassistent wat die gebied en die mense baie goed ken nie. Sy het my in kontak gebring met een van die mense wat baie hoog op was in die bendestrukture en hy het op sy beurt weer vir my toegang gegee tot 'n groot groep mense."



*Dr Derica Lambrechts* *Foto: ANTON JORDAAN*

Lambrechts het fokusgroepe saamgestel met bendelede en mense uit die gemeenskap, en strategiese onderhoude gevoer met individue in die plaaslike regering en die beskermingsdienste.

Die ontmoetings het meestal op "neutrale" grond plaasgevind waar geen bende beheer gehad het nie sodat haar veiligheid, sowel as dié van die respondente, nie in die gedrang gekom het nie. Daar was ook 'n sielkundige tydens die meeste fokusgroepbyeenkomste teenwoordig om mense wat traumatiese ervarings herleef het by te staan.

Lambrechts het deurentyd letterlik-gesproke gevaarlike terrein betree. Maar sy dring daarop aan dat Manenberg nie net 'n plek van onbeheerde geweld is nie. "Daar is duisende doodgewone mense wat daar woon. Dit is vir hulle die plek wat hulle hul huis noem, maar vir 'n navorser wat vrae vra oor georganiseerde misdaad, kan dit gevaarlik wees."

As navorser het sy ook geheg geraak aan die mense wat sy leer ken het. "Ek is dankbaar teenoor die mense wat bereid was om hul stories met my te deel. Ek het ook die gevoel gekry die meeste van hulle wil graag hul stories vertel aan iemand wat sou luister."

*US-personeel en -studente het op Dinsdag 19 Maart saam met miljoene mense van regoor die wêreld gestap om bewustheid te skep vir almal se reg op veilige water. Die staptog is deur die US Waterinstituut en NEPAD se Suider-Afrikaanse Watersentrums van Uitnemendheid-inisiatief (SANWATCE) gereël om saam te val met die Wêreld Stap vir Water en Sanitasie-veldtog. Die uitvoerende burgemeester van Stellenbosch, Conrad Sidego, het saam met sowat 100 studente en personeel die staptog van 2,4km aangepak. Prof Eugene Cloete, US Viserektor: Navorsing en Innovasie, het ook aan die staptog deelgeneem en gesê 'n dag soos hierdie is belangrik om mense bewus te maak van die belangrikheid en skaarsheid van water.*





*Die US het in Maart saam met die groter Stellenbosch-gemeenskap 'n helpende hand uitgereik na die duisende inwoners wat deur 'n brand in Kayamandi geraak is. Finansiële ondersteuning vir die slagoffers is ook van alumni van so ver as Amerika ontvang. Die brand het in die vroeë oggendure van 15 Maart uitgebreek en minstens 4 000 mense is dakloos gelaat toe nagenoeg 1 350 strukture afgebrand het. Matie Gemeenskapsdiens (MGD) het 'n beroep op personeel en studente gedoen om onder meer kos, klere, beddegoed, skryfbehoeftes en toiletware te skenk en hierdie donasies is na die Stellenbosch-brandweerstasie geneem. Op die foto help US-studente om die skenkings wat by die brandweerstasie afgelaai is, uit te sorteer.*

Foto: PIA NÄNNY



*Dr Angela Dramowski, who has been attached to SU's Faculty of Medicine and Healths Sciences' Academic Unit for Infection Prevention and Control (UIPC) since 2011, recently became the first South African to be selected for the Society for Healthcare Epidemiology of America's (SHEA) International Ambassador programme. She will attend the SHEA's Spring Conference and visit the Centres for Disease Control (CDC) in Atlanta in America this month. As a SHEA Ambassador, she will also be going to San Francisco in October to attend IDWeek, a scientific conference that brings experts together to study trends across the treatment spectrum for infectious disease.*



*Prof Oliver Ruppel of the Department of Mercantile Law in the Faculty of Law at SU delivered his inaugural lecture on Tuesday, 19 March. His topic was "Intersections of Law and Cooperative Global Climate Governance: Challenges in the Anthropocene". Pictured here with Ruppel are Prof Eugene Cloete, Vice-Rector: Research and Innovation, and Prof Sonia Human, Dean of the Faculty of Law.*

Photo: JUSTIN ALBERTS


## ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS

### TE KOOP / FOR SALE

**Car for sale:** 2004 VW Golf 1.4i 2010. Blue. Central locking and alarm. ±98 000km. Please call 071 474 6528 for further details.

### SAAMRYKLUB / LIFT CLUBS

**Stellenbosch – Onrus:** Saamrygeleentheid een of twee maal per week vanaf Stellenbosch Universiteit na Onrus (Hermanus) gesoek. Kontak: Martie van der Linde mvdl@sun.ac.za

**Strand – Stellenbosch:** Bestaande saamryklub soek een of twee persone met motors om aan te sluit. Werksure 08:00 tot 16:30. Kontak: aef1@sun.ac.za of 083 648 2727.